

## Van oplees tot insig



---

### SABBATMIDDAG

#### **Skrifverwysings vir hierdie week se studie:**

*Lukas 24:25-27; 2 Petrus 3:11-13; Jona 3:3-10; Numeri 14:34; Daniël 9:23 en hfst. 10:11, 12.*

#### **Geheeteks:**

“En Filippus het daarheen gehardloop en hom die profeet Jesaja hoor lees; en hy sê: Verstaan u wel wat u lees?” (*Hand. 8:30, OAB*).

**D**it is die bestudering van hierdie bybelboek wat aan die SDA-kerk sy beslag gegee het, en wat nou weer onder die loep kom. Laat ons egter die volgende wenke in gedagte hou voordat ons ons weg deur Daniël baan.

Eerstens is Christus die hoofsaak van ons studie. Hy is die middelpunt van Daniël, en inderdaad ook van die ganse Bybel. Tweedens vertoon dié boek ’n bepaalde struktuur, vormlike elemente wat van letterkundige skoonheid getuig en wat die behoud van die sentrale fokus verseker. Derdens moet ’n mens verstaan dat daar ’n verskil tussen klassieke en apokaliptiese profesie is. Dit sal ’n mens help om onderskeid tussen die profesieë van Daniel en dié van Jesaja, Amos en Jeremia te tref. Vierdens moet die tydperke in ag geneem word, waarvan Daniël praat – wat soms oor honderde en soms oor duisende jare strek, en dat die jaar/dag-beginsel hier toegepas behoort te word. Vyfdens gaan ons ook klem lê op die feit dat die boek Daniël nie net profetiese gegewens bevat nie, maar dat dit ook uiters relevant vir die moderne gelowige se daaglikse handel en wandel is.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 4 Januarie.*

# Christus: Die middelpunt van die boek Daniël

**Lees 24:25-27, Johannes 5:39, en 2 Korintiërs 1:19 en 20. In watter opsigte is Christus die middelpunt van die Skrif?**

Jesus is ongetwyfeld die middelpunt van die Skrif, wat duidelik ook die boek Daniël insluit. Let byvoorbeeld op hoofstuk 1. Die profeet se eie lewensverhaal is 'n tipe minder volmaakte en beperkte afskynsel van Jesus s'n. Jesus het die hemel verlaat, na dié sondige aarde toe gekom, en toe die magte van die duisternis die stryd aangesê. Vergelyk dit met Daniël se ballingskap en die duiwel se pogings om sy getuieis voor die koning te ontwig. Voorts ontvang Daniël en sy vriende dieselfde wysheid as dié van Christus ten einde die heidense aspekte van die Babiloniese kultuur die hoof te bied. Hoofstuk 2 versinnebeeld die eindtyd – die sogenaamde '*eskaton*' – m.b.v. 'n rots wat die beeld tref, en dui op die koninkryk van Christus wat uiteindelik al die aardse koninkryke tot 'n einde sal bring. Hoofstuk 3 toon hoe Christus saam met sy getroue diensknegte in die vuuroond is. Hoofstuk 4 toon hoe Nebukadnesar tydelik van sy koninkryk ontnem word deur die Here. So kom die koning dan tot die besef "dat die hemel heers" (*Dan. 4:26, OAB*). Hierdie uitdrukking – "dat die hemel heers" – onderstreep die feit dat Christus, as "die Seun van die mens" (*Dan. 7:13, OAB*), die opperheerskappy en die koninkryk ontvang, soos dit in Daniël 7 uitgebeeld word. Hoofstuk 5 toon die val van koning Belsasar, en die gepaardgaande inneem van Babel deur die Perse. Wat meer is, toon dit ook hoe dit alles in 'n nag van jolyt, dronkenskap en bandeloosheid gebeur het. Hierdie gebeure dui op Satan se komende nederlaag en die oorwinning oor die eindtyd-Babilon deur Christus en sy engele. Hoofstuk 6 toon die moordkomplot teen Daniël en stem tot 'n mate ooreen met die valse aantygings wat deur die hoofpriesters teen Jesus ingebring is. Verder probeer koning Darius vergeefs om Daniël se lewe te red, en herinner aan Pilatus se vergeefse pogings om Jesus se lewe te probeer red (*Matt. 27:17-24*). Hoofstuk 7 beeld Christus as die Seun van die mens uit, waar Hy die koninkryk ontvang en as koning oor sy kinders regeer. Hoofstuk 8 beeld Christus as priester in die hemelse heiligdom uit. In hoofstuk 9 is Christus die groot soenoffer, die lydende Messias wie se dood die verbond tussen God en sy kinders herbevestig. Hoofstukke 10 tot 12 beeld Christus as Migaël, die bevelvoerder-engel, uit. Hier sê Hy die bese die stryd aan en red sy volk op 'n triomfantelike wyse, selfs uit die mag van die dood.

Laat ons dus met die bestudering van Daniël altyd die sentraliteit van Christus voor oë hou. In elke hoofstuk is daar 'n belewenis of voorstelling wat op Christus dui.

**Soms beleef ons teëspoed en beproewinge; ander kere groot geluk en voorspoed. Hoe kan ons te midde van hierdie ervarings en belewenisse vir Christus as die middelpunt van ons lewens behou? Waarom is dit so belangrik?**

## Die struktuur van Daniël

Die rangskikking van hoofstukke 2 tot 7 (d.w.s. die Aramese gedeelte van Daniël, aangesien dié bybelboek deels in Aramees en deels in Klassieke Hebreeus geskryf is), het 'n bepaalde struktuur, 'n struktuur wat dan ook die kernboodskap van daardie gedeelte, en van die hele boek, versterk:

- A1. Nebukadnesar se visioen van die vier koninkryke (*hfst. 2*)
  - B1. God red Daniël se vriende uit die vuuroond (*hfst. 3*)
    - C1. Oordele oor Nebukadnesar (*hfst. 4*)
    - C2. Oordele oor Belsasar (*hfst. 5*)
  - B2. God red Daniël uit die leeuuil (*hfst. 6*)
- A2. Daniël se visioen van die vier koninkryke (*hfst. 7*)

Hierdie rangskikking van die gegewens plaas die hoofgedagte in die middel van die teks (wat hier op C1 en C2, oftewel hoofstukke 4 en 5 neerkom). Dit onderstreep dus die hoofgedagte: die tydelike wegneem van koning Nebukadnesar se koninkryk, en die permanente wegneem van Belsasar s'n. Die klem in hoofstukke 2 tot 7 val dus op God se opperheerskappy oor die konings van die aarde, as die een wat oor die opkoms en val van daardie koninkryke beskik. Een van die beste maniere om 'n boodskap doeltreffend en duidelik oor te dra, is deur herhaling. Let byvoorbeeld op Farao wat in Genesis 41:1-7 twee profetiese drome oor Egipte se nabye toekoms ontvang. In die eerste droom word sewe vet koeie deur sewe maer koeie opgeëet. In die tweede droom is dit sewe vet en vol koring-are wat deur sewe verskrompelde koring-are verslind word. Beide probeer presies dieselfde boodskap tuisbring: sewe jaar van voorspoed sal deur sewe jaar van gebrek gevolg word. In die boek Daniël gebruik die Here ook herhaling. Die teks bestaan uit vier profetiese siklusse, wat basies herhalings van die algemene struktuur is. Al die siklusse tesame vorm 'n soort vertoonkas vir die opperheerskappy van God. Hoewel elk van die groot sikliese komponente 'n bepaalde perspektief oordra, dek hulle almal dieselfde geskiedkundige tydvak. Dit begin by die profeet se leeftyd en strek tot by die voleinding van die wêreld, soos die onderstaande tabel ook aantoon:

Daniël 2	Daniël 7	Daniël 8 & 9	Daniël 10-12
Babilon	Babilon		
Medo-Persië	Medo-Persië	Medo-Persië	Medo-Persië
Griekeland	Griekeland	Griekeland	Griekeland
Rome	Rome	Rome	Rome
Die koninkryk van God word gevestig	Oordeel in die hemel wat tot die nuwe aarde lei	Reiniging van die hemelse heiligdom	Migael tree na vore

**Watter grootse hoop kan ons uit hierdie teksverse betreffende ons langtermyn-voorsigte put? Dan. 2:44, Ps. 9:7-12, 2 Pet. 3:11-13.**

## Die apokaliptiese profesieë in Daniël

'n Mens bespeur 'n duidelike verskil tussen Daniël se visioene en die meeste ander Ou Testamentiese profesie. Dié in Daniël word as apokaliptiese profesie geklassifiseer, terwyl die meerderheid van die Ou-Testamentiese soort as klassieke profesie bestempel kan word. 'n Begrip van die basiese verskille tussen dié twee profetiese genres is van kardinale belang vir enigeen wat bybelprofesie reg wil verstaan. Apokaliptiese profesie vertoon unieke eienskappe wat dit anders as die klassieke soort maak:

*Visioene en drome.* In apokaliptiese profesie gebruik die Here hoofsaaklik drome en visioene om 'n bepaalde boodskap aan die profeet oor te dra. Daarenteen “kom die woord van die Here” tot 'n bepaalde profeet in klassieke profesie, wat soms wel visioene ingesluit het. Dié sinsnede en soortgelyke formulering verskyn ongeveer 1,600 keer in die geskrifte van die klassieke profete.

*Saamgestelde simboliek.* Klassieke profesie bevat 'n beperkte hoeveelheid simboliek, meestal bekende simbole uit die alledaagse lewe; terwyl apokaliptiese profesie simbole en beelde uit 'n bomenslike werklikheid gebruik, soos 'n kruising tussen diere of selfs monsters met vlerke en 'n magdom horings.

Goddelike soewereiniteit en onvoorwaardelikheid. In klassieke profesie steun die vervulling van 'n bepaalde voorspelling op voorwaarde dat die gelowige op 'n bepaalde manier optree, en geskied binne die verbondsverhouding tussen God en Israel. Apokaliptiese profesie, daarenteen, is onvoorwaardelik. Deur dié soort profesie openbaar God die opkoms en val van wêreldkoninkryke. Dit begin in Daniël se leeftyd en strek tot aan die voleinding van die wêreld. Apokaliptiese profesie steun op God se voorkennis en soewereiniteit, en ontvou ongeag die mens en sy of haar keuses.

**Lees Johannes 3:3-10. Wat is dit dié – 'n klassieke of 'n apokaliptiese profesie? Gee 'n rede vir jou antwoord. Wat van Daniël 7:6?**

---

'n Basiese kennis van die twee tipes profesie – klassiek en apokalipties – kan die bybelstudent tot voordeel strek. Eerstens toon hierdie indeling dat die Here verskillende metodes inspan om profetiese waarheid oor te dra (*Heb. 1:1*). Tweedens lei hierdie insigte tot 'n dieper waardering vir die skoonheid en kompleksiteit van die Skrif. Kennis oor die aard en indeling van profesie help ook met die uitleg van bybelprofesie, 'n uitleg wat met die getuienis van die ganse Skrif strook en “wat die woord van die waarheid” (*2 Tim. 2:15*) reg uiteensit.

**Op grond van skrifgedeeltes soos Hosea 3:4 en 5, Amos 8:11 en Sagaria 9:1 meen sommige Christene dat die slotgebeure van die wêreldgeskiedenis in die Midde-Ooste gaan afspeel. Wat is fout met hierdie interpretasie? Hoe kan die verskil tussen klassieke en apokaliptiese profesie hierdie kwessie help uitklaar?**

## God se tydskaal

Nog 'n belangrike begrip wat 'n mens met die bestudering van Daniël in ag moet neem, is die historiese benadering tot apokaliptiese profesie. Ander strydige benaderings tot hierdie soort profesie – te wete preterisme, futurisme en idealisme – kan die bybelstudent egter help om historisisme beter te verstaan. Preterisme is geneig om die profetiese gebeure wat in Daniël voorspel word, in die verlede te plaas. Futurisme hou vol dat die vervulling van daardie profesieë in die toekoms gaan gebeur. In teenstelling met die vorige benaderings meen idealisme dat apokaliptiese profesie net simbole van algemene geestelike realiteite is, simbole wat nie met enige bepaalde gebeure in die geskiedenis korreleer nie.

Die keersy van die vorige drie is historisisme. Dit sê dat God d.m.v. apokaliptiese profesie 'n onafgebroke geskiedenis aan die leser openbaar, 'n geskiedenis wat in Daniël se leeftyd begin het en tot by die voleinding van die wêreld strek. Terwyl ons Daniël bestudeer, sal dit aan die lig kom dat elk van die groot visioene in dié bybelboek (*Dan. 2, 7, 8, 11*) dieselfde historiese raamwerk volg, maar weliswaar vanuit verskillende invalshoeke en telkens met die byvoeg van nuwe gegewens. Die Adventistepionier, Ellen G. White, het die profesieë in Daniël en Openbaring aan die hand van 'n historiese perspektief uitgelê.

### **Lees Numeri 14:34 en Esegïel 4:5 en 6. Waarop dui die begrip “n dag” in profetiese taal?**

---

Met die bestudering van Daniel moet 'n mens ook in gedagte hou dat profetiese tyd volgens die jaar/dag-beginsel gemeet word. Met ander woorde, 'n dag in profesie is gelykstaande aan 'n jaar in die gewone, historiese tydsverloop. Neem byvoorbeeld die profesie oor die 2,300 aande en môres, wat op 'n tydperk van 2,300 jaar neerkom (*Dan. 8:14*). Insgelyks kom die profetiese 70 weke op 490 jaar neer (*Dan. 9:24-27*). Hierdie tydskaal blyk om 'n aantal klinkklare redes korrek te wees: (1) Die feit dat die visioene in Daniël simbolies van aard is, beteken dat die vermelde tydperke ook simbolies moet wees. (2) Duidelik neem die profetiese gebeure lank om te ontvou, met sommige wat eers in “die tyd van die einde” in vervulling gaan, wat beteken dat 'n mens die tydsbestekke van hierdie profesieë dienooreenkomstig moet verstaan. (3) Laastens word die jaar/dag-beginsel korrek bewys in Daniël. 'n Uitstekende voorbeeld is die 70 weke-profesie, wat by die regering van koning Artasasta (ook bekend as Artaxerxes) begin en tot by die koms van Jesus as die Messias strek. Duidelik is die jaar/dag-beginsel die beste en mees sinvolle manier om die profetiese tydperke in Daniël uit te lê.

**Sommige van hierdie tydprofesieë dek honderde en selfs duisende jare. Wat sê dit vir ons oor lankmoedigheid of geduld?**

---

## Hedendaagse relevansie van Daniël

Die boek Daniël is meer as 2,500 jaar gelede geskryf en tog is dit uiters relevant vir die 21ste-eeuse gelowige. Kom ons kyk nou na drie redes waarom Daniël steeds relevant vir ons is. God behou die oppergesag in ons lewens. Selfs wanneer dinge skeefloop, is en bly God die Koning van konings. Soos die Afrikaanse spreekwoord dit so netjies stel: “Die mens wik, maar God beskik” – sodat alles vir sy kinders ten goede meewerk. Daniël se wedervaringe in Babilon is baie soos dié van Josef in Egipte, en Ester in Persië. Hierdie drie jongmense was gevangenes in die vreemde, tussen mense wat die knie voor ’n oormagheidense idees gebuig het. Op die oog af lyk dit of hulle magteloos was, asof die Here hulle in die steek gelaat het. Tog ontvang hulle krag van Bo en word op ’n kragtige wyse vir die Godsplan ingespan. Elke keer wanneer beproewing, swaarkry, lyding en teëstand kom, kan ons terugdink aan Daniël, Josef en Ester; en wat God vir hulle gedoen het; met die geloofsekerheid dat die Heer van die here ons Here is, en dat Hy ons te midde van beproewinge en versoekings nie sal versak nie.

God bepaal die verloop van die geskiedenis. Soms ontstel en bekommer hierdie ou wêreld ’n mens – ’n wêreld wat oënskynlik doelloos rondslinger, een wat oorloop van sonde en geweld. Die boodskap wat Daniël oordra, is egter dat God steeds in beheer is. In elke liewe hoofstuk van dié profetiese boek word die boodskap tuisgebring dat God inderdaad die verloop van die geskiedenis bepaal. Soos Ellen G. White tereg opmerk: “As ’n mens die geskiedenisboeke bekyk, lyk dit of dinge soos nasievorming, en die opkoms en val van ryke, aan die wil en vooruitgang van die mens toe te skryf is. Hoe dinge hulle afspeel, blyk grootliks die produk van menslike mag, ambisie of grille te wees. Maar dan kom die waarheid aan die lig: agter die wipplank en rondomtalie van menslike belange, mag en passie skemer dit deur – van bo en van agter – dat ’n genadige Skeppergod dinge bemiddel, ’n God wat stilweg en met die grootste lankmoedigheid sy volmaakte wil tot uitvoer bring” (*Education*, bl. 173). God gee sy eindtydkinders ’n rolmodel. Daniël en sy vriende is goeie rolmodelle vir die handhaaf van ’n vrome lewe in ’n samelewing wat dikwels strydig met die Bybel is. Te midde van druk om hul geloof te kompromeer, en om die soort toegewings te maak wat hul toewyding aan die Here aan bande sou lê, het Daniël-hulle nie voor die Babiloniese stelsel geswig nie, maar getrou aan die Woord van God gebly. Dié bybelprofeet en sy vriende wie se optrede van getrouheid en algehele toewyding aan God getuig, skenk ’n mens die nodige moed wanneer jy die wind van voor kry, wanneer jy selfs ook ter wille van die evangelie vervolgd word. Terselfdertyd toon Daniël dat ’n mens wel ’n bydrae tot die staat en samelewing kan maak sonder om jou toewyding aan die Here prys te gee.

**Lees Daniël 9:23, hfst. 10:11 en 12, en Matteus 10:29-31. Wat sê hierdie verse – stel God wel belang in ons persoonlike stryd?**

## Vir verdere studie:

“God se plan met die Bybel is dat dit ’n gids moet wees, ’n gids vir elkeen wat begeer om die wil van die Skeppergod te verstaan. Aan die mens het God sy profetiese woord kom gee. Engele, en ook Christussel, het aan Daniël en Johannes kom toon wat binnekort moes gebeur. Geen van die dinge wat met ons verlossing te make het – geeneen van die deurslaggewende dinge – is in verborgenheid gehul nie. Die openbaring van hierdie dinge is nie van so ’n aard dat dit die opregte soeker na waarheid verwar of mislei nie. Let op die Here se woorde aan die profeet Habakuk: ‘Skryf wat Ek aan jou gaan openbaar duidelik op kleitablette sodat mense dit sommer in die verbygaan kan lees’ (hfst. 2:2; NAB, klem verskaf). Die woord van God is duidelik vir elkeen wat dit biddend bestudeer. Elke opregte gelowige sal na die lig van die waarheid soek. ‘Vir die regverdige het daar lig gekom’ (Ps. 97:11, NAB). Wat meer is, geen kerk [of gemeente] kan opgang in die heiligmakingsproses maak tensy sy lede opreg na die waarheid, soos na ’n versteekte skat, soek nie” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 521, 522).

“[Doen moeite en] bestudeer die geskiedenis van Daniël en sy vriende. Ten spyte van die samelewing waarin hulle hulle bevind het – met versoekings wat alkante by die eie-ek om bevrediging gepleit het – het hulle daagliks tot eer en verheerliking van God gehandel en wandel. Hulle was vasbeslote om die kwaad te vermy, en het geweier om hulle op afdwaalpaadjies te begewe. God het hulle onwrikbare lojaliteit ryklik geseën” (*Manuskriprystelling* [Nr. 224], deel 4, Ellen G. White Nalatenskap, 1990, bl. 169 en 170).

## Vrae vir bespreking:

1. Met die bestudering van die boek Daniël word een ding duidelik – en boonop op ’n besonder deurdringende wyse: God regeer nie net as Opperheerser oor al die nasies nie, Hy ken ook elkeen van ons persoonlik en is vertrouwd met ons diepste wese. Let op die feit dat Hy in Daniël 2 ’n droom aan ’n heidense koning gee. Hy kon tot ’n slapende heiden deurdring, ’n droom in sy gedagte-wêreld plaas. Dit toon ’n nabyheid aan die enkeling op ’n vlak wat die menseverstand te bowe gaan. Terselfdertyd toon die aard van die droom, soos ons binnekort sal sien, dat God ten volle in beheer is – self oor die wêreld se groot imperiale ryke en moondhede, en dat Hy presies weet hoe alles gaan eindig. Nou is die vraag net: watter hoop en vertroosting kan ons uit hierdie simboliese voorstellings van die werklikheid put? Terselfdertyd het ’n mens die wete dat die Here jou so intiem ken dat Hy selfs weet wat jy dink. Hoe laat dit jou voel? Gesien binne hierdie konteks is die vraag dus: hoekom is die verlossingsbelofte van die kruis so belangrik?
2. Bespreek die volgende in klasverband: die verskil tussen klassieke en apokaliptiese profesie. Noem ander voorbeelde van hierdie twee soorte profesie uit die Bybel.